HANEKRAAI

Nr 2 / April 2007

Nuusbrief van die Tradisionele Boeremusiekklub van SA.

Kontakadres : T B K van SA, Posbus 48865, Hercules. 0030.

Musiekverspreier - Sias Erasmus,Tel – [012] 379 1745/083 948 2987

Webblad en e-posadres : http://www.boeremusiek.org/za/
info@boeremusiek.org.za

E-posadresadres vir korrespondensie : susane@arc.agric.za

E-posadres van redakteur vir bydraes en ander persoonlike korrespondensie : kobusmuller@mweb.co.za
Kontakpersoon oor speel van musiek en musiekinstrumente : Stephaan van Zyl, Tel – 082 777 0124

PROJEK TRADISIONELE MUSIEK

Die afgelope jaar of wat het dit so met die kennismaking met ander lande se tradisionele of volksmusiek opgeval hoe trots die mense in Europa, Australië, Amerika en ander lande op hulle eie musiek is en hoe hulle eintlik met jaloesie, hulle musiek bewaar en lewend hou en in die korrekte styl speel. Die eie word vertroetel en geniet, afgesien van wat op die populêre musiekfront aan die gang is.

Alle tradisionele musiek is onder druk en sal deur die geldmaak-musiek wat die mark oorspoel, verswelg word omdat daar groot geld betrokke is en die media dit dadelik bekendstel. Verder is dit oral op aarde gou en maklik beskikbaar. Die enigste moontlikheid om die eie en inheemse te bewaar, is om ‘n daadwerklike poging aan te wend om dit te doen en mekaar bewus te maak van die bedreiging wat ons hedendaagse wêreld, wat so “klein” geword het, vir ons eie musiek inhou.

Die TBK het baie ver gevorder om ons eie musiek te versamel en te bewaar. Die musiekargief is ‘n werklikheid. Die afgelope 25 jaar was die TBK hoofsaaklik op selfversorging ingestel, maar die tyd het nou aangebreek om ons vlerke te sprei en die lug te vat en ons musiek orals saam te neem en te versprei. Dit is die taak wat nou op ons wag.

Projek Tradisionele Musiek is klaar geskryf en sal op 19 Mei 2007 aan die Bestuurskomitee voorgelê word vir goedkeuring en in die volgende Hanekraai volledig uiteengesit word.

Die Projek behels dat lede van die TBK en ander vriende van ons tradisionele musiek, nou kragte en middele saamgooi en ons musiek in die regte idioom en bekostigbaar, oral in ons land en verder beskikbaar te maak. ‘n Bewusmakingsproses sal dit alles inlui.

Skud solank die vere reg.

Kobus Müller.

Iets uit Austrlië om oor na te dink.

In **Concertina Magazine, 10, Spring 1984,** uit Australië**,** wat ek by Stephaan Van Zyl raakgeloop het, is daar ‘n interessante artikel van Kevin Minchin oor sy stryd om ‘n boerekonsertina te leer speel en hoe hy sy probleme oorbrug het.

Hy praat van hulle “bush music” en een van die “bush players” van weleer, Albert “Dooley” Chapman, se musiek wat hy op ‘n kasset-band bekom het. Hy het oor en oor daarna geluister om die hartslag van die musiek vas te vang en weer te gee. Hy maak dan die opmerking : “Albert’s style was quite simple and, when reduced to its bare bones, not very difficult to copy. The difficulty lay not so much in complicated fingering of the buttons as in the rhythm of the tunes and his use of the air button. Added to this, Albert had a clever knack for tossing in bass notes and harmonising snippets to fill in the tune’s skeleton and give emphasis to the rhythm. But I found that if I ignored these extras and concentrated on the basic tune, it didn’t take long before I could render a reasonable sketch of the original.” [Ek het die onderstreping bygevoeg en wonder sommer ook of die neef “Dooley” hulle Kerrie Bornman was !]

Tradisionele musiek is **eenvoudig** maar dit is ‘n **kuns** om dit **stylvo**l weer te gee en **al die note ‘n doel te laat dien.**

Kobus Müller.

TBK-BYEENKOMSTE IN MEI 2007

Byeenkoms en saamspeel van die Pretoriatak op 12 Mei 2007

Die byeenkoms op **12 Mei**, is die aand van 19:00 in die **FH Oden-daal Hoërskoolsaal** en as alles volgens reëling verloop sal Manie

Bodenstein, die eerste voorsitter, Piet Snyman, Manie Erasmus, Danie Grey en die Oudagboereorkes die aand optree.

Voorafgaande het Willie Badenhorst gevra om met sy musikante die voorgereg te bedien. **Belangrik is egter om daarop te let dat daar ook op 12 Mei 2007 van 10:00 tot 16:00 in dieselfde saal 'n saam-speel van musikante plaasvind** wat nie andersinds 'n geleentheid het om in 'n "orkes" te speel nie. Bring iets te eet of te braai en kom luister saam. Die bedoeling is om ook aan ouer lede wat nie meer saans wil rondbeweeg nie 'n geleentheid te bied om saam te kom en die musiek te geniet. Uit die aard van die saak word aanvaar dat musikante weet dat die TBK net tradisionele musiek en instrumente gebruik. Kom gerus en kom geniet dit saam.

WESRANDTAK SE BYEENKOMS

Wesrandtak se byeenkoms is op **19 Mei 2007** om 19:00 by die **Witpoortjieontspanningsaal,** Suidweg, Princess Roodepoort en almal is welkom.

Geoordeel aan die laaste byeenkoms, gaan Flip Snyman en sy mense weer 'n hogere plesier aanbied wat 'n mens nie moet misloop nie. Indien dit inpas, kom al so 17:00 en luister na die voor-musikante wat dan al speel en kry die rekke gespan vir die hoofmaal. Bring sommer 'n vriend of twee saam vir die wis en die onwis.

Die Oorsprong van die Biervatpolka – deur Wilhelm Schultz

Die komponis, wat in sy geboorteland bekend was as die "Koning van die Tsjeggiese polka", is gebore op 28 Maart 1902 in Zbraslav, wat nou 'n deel uitmaak van Praag. Op die ouderdom van ses jaar het hy begin om viool te speel en later die "flugelhorn"aangedurf. Op die ouderdom van vyftien jaar het hy lid geword van sy Pa se orkes, wat hy dan ook in 1925 oorgeneem het. Hy het meer as sewentig musiek-stukke gekomponeer, waarvan Skoda Lasky [Verspeelde Liefde] die

beroemdste was. Dié wysie is in 1927 gekomponeer. Die wysie was oorspronklik gespeel as die Modranska Polka. Die woorde is later bygevoeg en die naam verander na Skoda Lansky. Dit is in meer as sestien tale vertaal [maar met ander woorde as die wat saam met die musiek gaan] en is in 136 films en televisiereekse gebruik.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die wysie oor die hele wêreld gespeel en baie lande het die danswysie en liedjie as hulle eie beskou. Die liedjie is ook deur die soldate van die vegtende leërs gesing. Die opperbevelvoerder van die Amerikaanse Leër, genl Eisenhower, was so beïndruk met die polka dat hy dit as sy gunsteling lied verklaar het. Die name Rosamunde, Rol uit die vaatjie en Biervatpolka was die algemeenste name van die wysie en liedjie. Die liedjie word gesing in Frans, Italiaans, Noorweegs, Japanees en in baie ander tale. Dit is net so bekend in Suid-Afrika waar Dawid de Lange dit gesing het as die Biervatpolka [Singer GE 334].Die wysie kom voor in baie vorme, selfs popmusiek.

In 2006 is die liedjie in Tsjeggo-Slowakye bekroon as die “Treffer-liedjie van die Eeu”. Dit is ‘n groot prestasie. Nou wonder u seker wie die komponis is. Daar is seker min Suid-Afrikaners wat al die naam Jaromir Vejvoda gehoor het. Hy is op 13 November 1988 in die ouderdom van 86 jaar oorlede. Deur sy seuns se bemoeienis , vind daar jaarliks, van 1996 af , ‘n fees van windblaasinstrumente op die Zbraslavplein plaas, ter ere van die komponis.

Die wysie het in 1938 in Amerika bekend geraak en Lew Brown het woorde vir ‘n verwerking daarvan geskryf. Van die Amerikaanse plate het kort daarna in Suid-Afrika verskyn.



[Foto’s : ‘n Jong en ouer Jaromir Vejvoda] [Bronne : WAL Schultz, Ontstaan en Ontwikkeling van Boeremusiek en Internet. Dank aan Dirk Conradie vir inligting en foto’s]

==========

Ken u hierdie hande – ek wonder net ![Antwoorde volgende uitgawe]

Korrespondensie ontvang

1. ‘n Skrywe is van Hendrik Reints Bok ontvang om dank uit te spreek vir almal wat so hard werk en speel om ons byeenkomste suksesvol te maak. Dankie vir die positiewe houding!
2. Kalie de Jager het ook van hom laat hoor. Kalie, dankie vir die bydraes.
3. Dankie ook aan almal wat skriftelik en mondelings so positief kommentaar gelewer het oor die eerste Hanekraai. Dit is amper ongelooflik dat almal so positief is.
4. Johan Pretorius van Lyttelton het ‘n afdruk van ‘n tekening van ‘n boeredans in 1895 gestuur. Johan, ons bly so naby aan mekaar, kan ek nie die oorspronklike vir ‘n minuut kry nie, dan is hy vir goed in die TBK se argief. Die afskrif het ‘n voumerk in – [012] 654 5544.

Nuwe TBK-lid in opvoeding

Deon Kemp het nou die dag geskakel en opgewonde beduie dat hy en Elna ook nou na al die jare ‘n eersteling het, wat genadiglik na haar Ma lyk, Deonél. Deon en Elna, namens ons almal baie geluk en mag sy vir julle baie vreugde bring. Maak haar mooi groot en geniet haar. Deon, skryf haar in by die TBK, want so ‘n skerp meisie moet lid wees of hoe?

Lidmaatskapgelde – 1 April 2007

Die TBK se bestuurskomitee het met sy laaste vergadering besluit dat die lidmaatskapgeld van 1 April 2007 verhoog na R 75 – 00 per jaar. Dit is genoodsaak deur die styging in koste van alle dienste en voorraad wat nodig is om ons saak ordentlik te bedryf. Die Komitee hoop dat alle lede die onvermydelike verhoging sal begryp en aanvaar.

==========

Persoonlike besonderhede

Tom Adams het gevra dat alle lede asseblief hulle persoonlike besonderhede sal nagaan en enige veranderinge sal aanbring en die strokies terugpos. Verkeerde of verouderde adresse bring mee dat heelwat posgeld verlore gaan omdat korrespondensie teruggestuur word.

++++++++++++++++++++++++++

Kort geskiedenis van boeremusiekopnames : 1930 – 1940 .

1. 15 Mei 1930 het Columbia se toerusting in Kaapstad aan wal gekom en het Polliack, die plaaslike agent, dadelik met opnames begin. Die Voortrekkerdanskwartet en Joe Snyman was van die eerstes wat aan die beurt gekom het. Verskeie ander groepe se musiek is ook opgeneem. Daarna word die toerusting Johannesburg toe verskuif en op 22 Julie 1930 word die eerste rondte musiek van die Vyf Vastrappers opgeneem – dit is die plate met GR-nommers. Heelwat musiek is hierna van verskil-lende kunstenaars en orkeste uit al die bevolkingsgroepe opgeneem. Chris Blignaut, wat die eerste kunstenaar was met wie Polliack ‘n kontrak gesluit het, het ook ‘n hele aantal opnames gemaak.
2. Die toerusting is toe weer Kaapstad toe geneem vir verdere opnames daar en het toe weer die pad terug gevind Johannesburg toe en teen die middel van November 1930, toe die eerste plate

wat van die Voortrekkerdanskwartet gemaak was, reeds op die mark was, was Polliack nog steeds besig om opnames in Johannesburg te maak. Een van die laaste groepe waarvan opnames gemaak was, was die Afrikaanse Dameskoor en tog het hulle musiek eers omtrent drie jaar later op die mark gekom. Die Voortrekkerdanskwartet se musiek was die eerste volbloed boeremusiek wat te koop aangebied is.

3. ‘n Belangrike gebeurtenis wat in 1931 plaasgevind het, is die opname van beide Columbia en His Master’s Voice in EMI. Voortaan sou opnames vir beide groepe deur dieselfde eenheid gedoen word. Dit het dan ook in Oktober 1932 tot Februarie 1933 gebeur. Van 1 Oktober 1932 tot die einde van November 1932 is opnames van die Vier Springbokke, Vyf Dagbrekers, Vier Transvalers, Vier Hugenote en Silwer de Lange en sy broer en andere gemaak en dan volg die opnames van die Vyf Vastrappers en andere tot Februarie 1933. Dit verklaar dan ook waarom Chris Blignaut en Gerrie Snyman wat reeds goed bekend was by Columbia, ‘n rol gespeel het by die orkeste vir die HMV-opnames. Die opname van twee items van die Vier Hugenote op 14 Februarie 1933, meer as twee maande na die ander, is dan ook te verstane.
4. Hier is dit van belang om te noem dat daar eintlik nie ‘n logiese verband is tussen wanneer musiek opgeneem is en wanneer dit op die mark gekom het nie. Sommige opnames was na vyf maande terug uit Engeland en die plate was te koop, ander opnames het eers na drie of meer jaar te voorskyn gekom en andere het nooit die lig gesien nie.
5. Terwyl al die gebeure plaasgevind het, het ‘n ander platemaatskappy om oorlewing in die depressietyd gestoei. Mnr Eric Gallo, ‘n jong man, het in 1931 die waagstuk aangegaan en geld geleen om toerusting om plate te sny, van ‘n platemaaskappy wat in Engeland bankrot geraak het, aan te koop. Dit het tot Julie 1933 geduur voordat die toerusting verskeep en op ‘n gekikte plek in Johannesburg opgerig was. Die eerste opnames word dan in Julie en Augustus 1933 gemaak en op 25 Augustus 1933 is plate van die Lydenburgvastrappers, Vier Staatmakers en die Vyf Voortrkkers te koop. Die depressie

en die droogte van 1933, wat die Afrikaners so uitgemergel het, soos alle ander mense, was stadig maar seker besig om geskiedenis te word, en al meer mense kon ‘n paar pennies afknyp, om ‘n grammofoon te koop of het darem iemand geken wat een het. Die tafel het stadig maar seker gedek geraak vir die stroomversnelling wat op hande was.

6. Nou word vir ons vertel dat in dié tyd het ‘n myner by mnr Gallo se organisasie ingestap en gesê hy is ‘n musikant en sanger en wil graag plate in Afrikaans maak. Dit is hierdie man wat mnr Eric Gallo later self gesê het, sy maatskappy van ondergang gered het, Dawid de Lange. Naas al die groot gebeurtenisse wat van 1930 – 1933 in die boeremusiekwêreld plaasgevind het en van onskatbare waarde is, het daar op 2 Februarie 1934 iets baie besonders gebeur toe die musiek van Dawid de Lange en die Naglopers te koop was. Die Kalfiewals, Daisypolka, Jakkalsdraaipolka en Verneukseties is welskape gebore en het die spyker presies op die kop geslaan. Dawid de Lange het nie ‘n besondere stem gehad nie maar hy het oor ander besondere talente beskik. Vir die eerste keer was daar musiek op die mark wat die konsertina en sang aan mekaar verbind het, soos baie mense daaraan gewoond was, en daarmee stel Dawid sy vermoë ten toon om plesierigheid te skep met goeie musiek, goeie musikante en in die regte luim. Voeg dan Dawid se stem daarby en dit is ‘n wenresep. In hierdie wenresep sou ‘n fyn gesnyde sanger eintlik nie gepas het nie, maar Dawid se stem was ‘n kolskoot. Sy mense wat baie slae moes verduur weens die ekonomiese omstandighede het hom gehoor en die musiek omarm. Sy boodskap was duidelik en met ‘n grammofoon en ‘n paar plate van Dawid of Faan en Silwer of ooms Hans, Pietie, Willie en Sampie kon ‘n bekwaam plesier nou sy weg vind, al is die armoede nog erg in die blom. ‘n Boer moet darem ook plesier in die lewe hê, al is jy arm!
7. ‘n Besondere ontmoeting het so twee jaar later plaasgevind. Dawid de Lange het ‘n hoogs begaafde en fyn afgeronde musikant, wat vir ‘n wyle uit die Kaap in Johannesburg vir ‘n opdrag was, raakgeloop en -gehoor en hom genooi het om by sy orkes aan te sluit. George Abrahams[e] was op die toneel. Vir

die eerste keer was iemand wat musiek kon lees, orkeswerk geken het en self ‘n geslypte virtuoos met ‘n banjo was, op die boeremusiekslagveld. ‘n Aangename persoon en fyn opgevoede mens wat ‘n baie besondere bydrae tot ons musiek gemaak het. George se bydrae en standaarde is vandag nog vir baie goeie musikante ‘n mikpunt. Tienie Coetzer, self ‘n vermaarde banjospeler, het op ‘n keer gesê : ”Jy vergelyk nie vir George Abrahams met iemand anders nie, want hy was in ‘n klas op sy eie !”

8. Tussen al die gebeure deur het Chris Blignaut sy pad geloop en ‘n huishoudelike naam vir baie mense geword. Met geleenthede het hy ook met van die ander musikante saamgewerk en -gespeel en sy groot bydrae gemaak.
9. **Slotopmerking**. Nou na meer as sewentig jaar, sit ‘n mens en dink in ons elektroniese tydsgewrig terug aan dié jare en vra vir jouself die vraag : “Wat het nou eintlik hier gebeur en wat beteken dit vandag vir my?” Wat gebeur het, is dat ‘n gedeelte van ons musiek wat so van geslag tot geslag deurgegee is en selfs met die transportpaaie langs, die land vol getrek het, deur goeie musikante op plaat vasgelê is en nou tot ons beskikking is. Ons hoef nie daaraan te twyfel dat die musiek wat met die geslagte af gekom het, gedeeltelik hier vasgeknoop is nie. Vergelyk ‘n mens die verskillende orkeste se musiek met mekaar dan is dit duidelik dat hulle almal sekere musiek geken en gebruik het, al is dit nie altyd in dieselfde samestelling nie, maar dat daar ook ander musiek is wat net ‘n enkele musikant geken of geskep het. ‘n Sprekende voorbeeld is ‘n stuk musiek wat mev Jo Fourie baie ver van Vrededorp af in die Kaap opgeteken het as die Doringbospolka Die musikant het haar verseker dat sy oupagrootjie dit al gespeel het. Speel jy egter die stuk musiek, dan is dit die Dikannapolka wat Silwer de Lange gespeel het. Op die een of ander manier het die musiek by Silwer in Vrededorp uitgekom en hy het dit begin speel. Silwer het net die Doringbospolka baie fyner geskaaf en afgewerk as die oorspronklike wat aan mev Fourie deurgegee is. Belangrik is om daarop te let dat die meeste musiek die pad gevat het met die transportpad of iemand wat verhuis het, sonder ‘n naam. Baie

van die musiek is gekoppel aan die naam van die persoon by wie dit gehoor en geleer is of net as polka, masurka of seties. Die Vyf Vastrappers se Regalopnames getuig nog daarvan. Eers daarna is aan die musiekstukke name gegee wat soms eintlik geen verband met die oorsprong meer het nie. Dieselfde stuk musiek kon in die volgende dorp ‘n ander naam gekry het. Dit is egter nie van wesenlike belang nie, maar die wesenlike is dat die musiek en soms woorde, behoue gebly het en dat dit ons trotse besit is. Voeg ons nou hierby die musiek wat mev Jo Fourie, prof Pieter W. Grobbelaar en andere met groot moeite versamel het, dan het ons vandag ‘n groot musiekskat waarop ons met reg trots kan wees. Vir baie jare na die Tweede Vryheidsoorlog het veral sekere stedelinge hierdie musiek probeer verguis en stil te kry en met iets anders te vervang, wat kamstig beter sou wees. Ons mense op die plase en elders, het in hulle armoede en swaarkry dié musiek met die boerekonsertina, viool en serfyn vertroetel en aan die gang gehou en dit het oorleef. Veral die boerekonsertina het die stem geword van mense wat bitter swaar kry maar weier om onder te gaan. Ons is vandag die erfgename van hierdie musiek en baie trots daarop. Dit is gepas om ons trots te wys, dit is ons eie.

Kobus Müller

☺ ☺ ☺

<u>Tantes en die boerekonsertinas</u>

Met verbasing het ek die afgelope jaar of wat kennis geneem van hoeveel dames of dan tantes in die ouer spreektaal, musiek-instrumente, maar veral boerekonsertinas gespeel het. Eers verneem ek van oom Gertjie Claassen se Ma, Chris Buys se Ma en nog ‘n paar ander dames, wat hier en daar ook in oom Piet Bester se boeke genoem word, maar toe kom nog dames te voorskyn. ‘n Oudminister skakel my oor musiek en noem toe dat sy Ouma boerekonsertina gespeel het. Ek skakel ‘n professor by die Universiteit van Pretoria en moes toe hoor dat sy Ouma ook boerekonsertina gespeel het. Toe begin ek wonder - van hoeveel vrouens wat ons musiek help bewaar het, weet ons glad niks nie? Lyk

my hulle sou die Drakensberge kaalvoet oorgeloop het en saans boerekonsertina gespeel het !

Nou vra ek almal, veral ons lede, se hulp om die dames op te spoor en iets van hulle te wete te kom. Vind asseblief uit wie, wat en waar en ‘n foto daarby kan net ‘n wenner wees. Of anders laat weet net die kontakbesonderhede en ek sal dit opvolg. Hierdie mooi akker moet nou omgeploeg word. – Kobus Müller

Het u al ‘n nuwe lid vir 2007 gewerf ???

Frans van Straaten van Bloemfonteintak – oorlede 5 Febr 2007

[Die volgende bydrae is van Peet van Staden ontvang en word geplaas as ‘n **huldeblyk** van ons almal **aan Frans vir sy toewyding en ywer vir ons saak**.]

Herinneringe uit die verlede het ‘n gewoonte om ‘n mens se gedagtegang vas te vang, soveel so dat een herinnering ‘n ander nader roep om dan ‘n storie van lank geleë vars, soos van gister, te maak … 1989 gaan kuier ek by Frans van Straaten in Bloemfontein … my ma se suster se seun … saam grootgeword op Hobhouse – skoolgegaan, in die rante gespeel, by die wasklippe visgevang, bo van die dorpsdam af al met die leivore langs tot in die onderdorp gekuier …

Hulle het in Bloemfontein gaan bly, waar Frans by die goudsmelterye gewerk het … en later op Stilfontein in die myn gaan werk het vir ‘n baie lang tyd.

Terwyl ek op Potchefstroom in die Weermag was, baie naweke by hom en sy ma gaan kuier … Frans moes vroeg in sy lewe uitspring om vir sy ma te sorg …

Frans het by AVBOB gaan werk as ‘n grafsteen-oprigter en later vir homself gewerk …

My skoonpa se dogter en ek was lief vir dans, en toe ons by Frans gaan kuier in 1989 nooi hy ons saam na ‘n byeenkoms van die TBK in die skousaal aldaar … hy het by die TBK aangesluit en moes die naweek help met die funksie. So word ons toe lede van die TBK.

Met ons takstigting in 1994 was Frans hier, met ons karavaannaweke was Frans daar. Hy was erelid, het die Hannes Schoeman-wisseltrofeë ontvang en was ook vir ‘n lang tydperk op die bestuur van die Bloemfontein Tradisionele Boeremusiekklub.

Verlede Desember het ons saamgekuier – gedurende Januarie het Frans begin kla – hy is opgeneem in die hospitaal … toe die uitslae kom …

kanker … dit het so gou gebeur. Saterdag het ons gaan kuier … Sondag is Frans weg en Woensdagmiddag 12 uur is hy op Brandfort begrawe.

Frans van Straaten was ‘n diener en bediener van Tradisionele Boeremusiek … om hom soos ‘n broer te ken was ‘n wonderlik voorreg gewees. Frans was 67 jaar oud. Aan die kinders – julle het ‘n wonderlike pa gehad … vertroetel die herinneringe … julle was sy alles…

==========

Vaaldriehoektak : Byeenkomste en ander nuus

Dankie vir almal wat deel was van ons byeenkoms in Februarie. Ons het genoeg mense gehad om te kon kuier … die musieke was mooi … Robbie Holm, Mario du Plessis, Koos Meiring en die Musiekmakers het die mense besig gehou. Die bestaande bestuur het mandaat gekry om aan te gaan en Arthur en Sarina Collet is gekoöpteer om te help.

Ons volgende bring-en-braai gebeur die **26ste Me**i in die Skoolsaal van die Vanderbijlparkse Hoërskool in Shakespearstraat. Danie Grey en sy Orkes asook Jimmy McDondald en sy Bloemfontein Tradisionele Orkes kom vir ons kuier. Sekerlik is dit ook so dat ons weer los musikante sal hê vir die voorspeeltyd van 4 nm tot 7 nm.

Ons het ook ‘**n bring-en-braai op die 25ste Augustus** en die oujaarsdans word ook beplan.

Neem asseblief kennis van ons Boeremusiekdag op die 27ste Oktober van 10 vm tot 10 nm. Vir navrae skakel **016 981 2605.**

Sias Erasmus het gevra ons moet van die volgende kennis neem

Toe Sias die brief geskryf het was dit warm in Pretoria en verder beweer hy dat hy nog bedags probeer om op ‘n eerlike manier brood op sy gesin se tafel te kry. Gevolglik was dit nog nie moontlik om alle verpligtinge

saam met die ouditering van die boeke se drukte af te handel nie. Hy is egter hard besig en wen darem die stryd. [Sias, wees getroos, niemand gaan jou kwalik neem nie – jy rol te veel klippe vir ons saak om dat ons so onsmaaklik sal wees. KM] Sias wys dan weer op die Pretoriatak se byeenkoms op 12 Mei 2007 by Hoërskool FH Odendaal en benadruk dat daar reeds om 10:00 ‘n saamspeel – byeenkoms is – en vervolg dan : “Die bestuur van die TBK hoop om baie bekende gesigte daar te sien. Indien u in besit is van ‘n musiekinstrument is u baie welkom om u slag met die instrument te kom wys. Musikante kan enige tyd saam met ander musikante speel wat wil speel. [Geen elektriese instrumente nie asb!!!] Wie weet, miskien ontdek ons ‘n musikant vir toekomstige opnames.

Debietorders

“Insake die debietotders, wil ek net vra dat u bietjie geduldig moet wees, omdat ek graag eers die 2006 se boeke wil afsluitvoordat ek 2007 se CD’s gaan begin uitstuur. Dit gee my ook kans om moontlik van die nuwe CD’s wat vir 2007 beplan word, te bekom. Ek hoop u verstaan my rede. ‘n Lys van beskikbare CD’s is hieronder aangeheg.U is ook welkom om my op my selfoon in die dag te skakel - 083 948 2987- of na vyf in die middag tuis – [012] 379 1745. Ek probeer om CD’s so gou moontlik na bestelling te stuur of sodra ek bewys van betaling ontvang het.[Betalingsbewys kan gefaks word na [012] 379 1745].

Baie dankievir u samewerking en ondersteuning.

Sias Erasmus.”

Beskikbare CD’s

Eerste 10 jaar	Gertjie Claassen en Hendrik Lotter, 1&2
Oudagherinneringe	Vyf Dagbrekers – Silwer de Lange [2 CD’s]
Outydse Potjiekos – vol 1 en 2	Tant Bettie Ferns
Hans la Grange – vol 1	Gerrie Bezuidenhout – vol 1,2,3
Stephaan speel boerekonsertina	Musiek vir die wapad
Willie Palm en Alf vd Watt	Dawid de Lange : pakket met 5 CD’s
Tradisionele Boeremusiek	Oom Chris Blignaut – pakket met 7 CD’s

Alle CD's kos R 80-00 behalwe Dawid de Lange – pakket [R 325-00], Chris Blignaut-pakket [R 395 – 00] Vyf Dagbrekers – Silwer de Lange – 2CD's [R 110 – 00]. Posgeld beloop R25 – 00 per pakkie.

Nuwe CD's – 2007 en verder

Die besluit is deur die Bestuurskomitee geneem dat voortaan slegs nog een Potjiekos-CD met ou plaatopnames per jaar sal verskyn. Die ander CD's sal bestaan uit musiek wat vars opgeneem is van hedendaagse musikante en orkeste. Om musiek op te neem, is 'n tydsame proses en gevolglik vra ons u almal om bietjie geduldig te wees. Die geduld gaan u egter goed beloon, want uitstekende musiek word opgeneem. Almal wat betrokke is, werk bedags en die musiek word gewoonlik Saterdae opgeneem.

Dink maar daaraan hoe lank nadat die kommersiële kunstenaars se nuwe CD's aangekondig is, verskyn dit eers op die mark – selfs vir hulle is dit 'n tydsame proses.

Moet daarom asseblief nie met Sias veg oor nuwe CD's nie, hy kan net uitstuur wat hy ontvang. Maar wees getroos op 31 Desember 2007 sal almal die nodige ontvag het.

Ons lede het versoek dat CD's 'n verskeidenheid musiek moet bevat en nie net van een kunstenaar nie. Dit beteken dat al die musiek eers opgeneem moet word voordat CD's saamgestel kan word. Sodra dit afgehandel is kan die CD's redelik vinnig afgehandel word.

Baie dankie aan almal wat so hard en getrou vir ons saak werk!!!!!